



Datum: 31 Augustus 2026

PENSIOEN OMSENDISKRYWE NR: 4 van 2026 BEGRAFNISSEKEMA

AAN : ALLE WERKGEWERS VAN DIE PREDIKANTE EN AMPTENARE PENSIOENFONDS

HERSIENING VAN DIE BEGRAFNISSEKEMA VIR DIE NG KERK VAN TRANSVAAL: PREDIKANTE EN AMPTENARE PENSIOENFONDS

Die Bestuurskomitee van die NG Kerk van Transvaal Predikante en Amptenare Pensioenfonds het die begrafnisskema hersien vir die volgende redes:

- Om die dekkingsbedrag aan te pas om sodoende vir alle lede dieselfde voordeel te bied.
- Om die betalingsstruktuur te vereenvoudig om sodoende die premie saam met die fondsbydraes en risikovooredele maandeliks via die Sanlam aanlyn proses te betaal.

Agtergrond

Die begrafnisskema is 'n verpligte skema in terme van die Polisvoorwaardes, vir alle lede van die fonds. Die begrafnisskema bied tans die volgende opsies:

Voordeel	Opsie 1 premie	Opsie 2 premie
R15 000 dekking	R 16.80	R36.00
R5 000 opsionele aanvullende dekking	R18.00	R21.60
Totaal	R34.80	R57.60
	Lid geniet dekking solank die lid indiens van die werkgewer is.	By aftrede op normale aftree ouderdom van 65 jaar ontvang die lid 'n opbetaalde sertifikaat. Dekking gaan voort sonder enige verdere premies tot en met afsterwe

Met die aanvang van lidmaatskap kry die lid 'n eenmalige keuse om die gepaste opsie te kies saam met die aanvullende voordeel indien nodig. Die opsie gekies by aanvang van lidmaatskap bly van krag tot en met uitdienstrede of aftrede. Vir die begrafnisskema is daar nie 'n jaarlikse keuse om van opsies te verander nie.



Met die bestaande struktuur van die begrafnisskema, moet elke werkgewer maandeliks die premies apart van die fondsbydraes en premies per EFT aan Sanlam Groepskemas oorbetal. Hierdie “dubbel betaling” (een betaling vir die begrafnisskema en een vir die pensioen- en groepskemas) het daartoe gelei dat sommige lede nie begrafnisdekking geniet nie en andersom, naamlik dat sommige lede slegs begrafnisdekking geniet met geen pensioenvoordele nie.

Lidmaatskap aan beide die fonds en die begrafnisskema is verpligtend in terme van die reëls van die fonds en die begrafnisskema se voorwaardes.

Werkgewers kan dus nie lede toetree tot net die pensioenfonds of net die begrafnisskema nie. Werkgewers is verantwoordelik daarvoor om lede by beide die begrafnis en pensioenfonds aan te sluit.

Verandering vanaf 1 Oktober 2026

Om hierdie administratiewe proses te vereenvoudig en verder te verseker dat alle aktiewe lede wel aan die begrafnisskema en die pensioenfonds behoort, het die bestuurskomitee besluit om die begrafnisstruktuur te vereenvoudig.

Vanaf 1 Oktober 2026 sal die begrafnisskema opsies soos volg wees:

Die begrafnisvoordeel verhoog na R20 000 vir alle aktiewe lede en die aanvullende dekking word gekanselleer.

Voordeel	Opsie 1 premie	Opsie 2 premie
R20 000 dekking	R 22.40	R48.00
Totaal	R22.40	R48.00
	Lid geniet dekking solank die lid indiens van die werkgewer is.	By aftrede op normale aftree-ouderdom van 65 jaar, ontvang die lid 'n opbetaalde sertifikaat. Dekking gaan voort sonder enige verdere premies tot en met afsterwe

Hierdie beteken dat lede tans op alternatiewelik Opsies 1 en 2 met aanvullende voordele, se premies sal verlaag.

Vir lede wat tans nie die aanvullende voordele gekies het nie sal premies ietwat verhoog.

Alle lede tans nie lid van die begrafnisskema nie gaan outomaties tot Opsie 1 toegetree word teen 'n premie van R22.40 per maand.

Nuwe lede sal steeds by aanvang van lidmaatskap eenmalig kan kies tussen Opsie 1 en Opsie 2.

Vir lede wat tans nie lid van die begrafnisskema is nie en vanaf 1 Oktober 2026 toetree op Opsie 1, word die volgende betalingswyse voorgestel om die bekostigbaarheid vir lede in te faseer:

- Eerste jaar : die werkgewer kan die volle premie betaal
- Tweede jaar: die werkgewer en lid betaal elk 50% van die premie
- Derde jaar: die lid betaal die volle premie

Bogenoemde betalingswyse is egter bloot 'n voorstel om lede te help met die bekostigbaarheid daarvan.

Soos vroeër in die skrywe genoem, is die begrafnisskema 'n verpligte skema vir alle lede, en het die lede nie 'n keuse rondom lidmaatskap aan die begrafnisskema nie. Lede het wel 'n keuse rondom die opsie waaraan hulle wil behoort.

Vanaf 1 Oktober 2026 gaan die begrafnispremie saam met die pensioenfondsbydraes en risikovoordede premies via die Sanlam aanlyn proses gevorder word.

Werkgewers gaan dus nie meer 'n aparte betaling aan Sanlam Groeprisikovoordede maak ten opsigte van die begrafnisskema nie.

Aangeheg tot hierdie skrywe is die kommunikasie wat aan elke lid voorsien moet word.

Vriendelike groete



DS REHAN RHEEDER
PENSIOENFONDSBESTUURDER
0832887756

